# Saamkleurpret


## Gedagtes en inkleurprente oor wat ons glo

**DIE VYF SOLAS**
















Gedagtes en gespreksvrae deur Rethie van Niekerk
Saamkleurprente deur Nico Simpson

Kopiereg © Bybelkor 2017
Bybelkor is 'n afdeling van Bybel-Media
Bybel-Media, Privaatsak X5, Wellington 7654
Bestellings: 0860 26 33 42
www.bybelmedia.org.za

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of versprei word nie.

Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Lied 292 en 476 aangehaal uit *Liedboek van die kerk*. Kopiereg © 2012 Bybel-Media, Privaatsak X5, Wellington 7654. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Hallelujalied 427 aangehaal uit *Die Hallelujaboek*. Kopiereg © 2012 NG Kerk-Uitgewers, Privaatsak X5, Wellington 7654. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Vonkk Lied 137. Kopiereg © 2016 Hannes van der Merwe. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Ontwerp deur Out of the Blue Creative Communication Solutions, 021 947 3508

Geset in 12 pt op 14.4 pt Museo 300 deur Out of the Blue Creative Communication Solutions, 021 947 3508

Omslag ontwerp deur Out of the Blue Creative Communication Solutions

Eerste uitgawe 2017

ISBN 978 0 86487 881 6

# Inhoudsopgawe


Inleiding 2

Net ... *Sola* ... 3

1. Net genade – *Sola Gratia* 4

2. Net geloof – *Sola Fide* 7

3. Net Christus – *Solus Christus* 10

4. Net die Bybel – *Sola Scriptura* 13

5. Net aan God die eer – *Soli Deo Gloria* 16

# Inleiding

Hierdie boek gaan oor die vyf *Solas* van die Reformasie. Dit is bedoel om saam met die inkleurplakkate gebruik te word. Die gedagtes en vrae vir saamgesels terwyl jy inkleur, wil jou op 'n reis neem waartydens jy oor die fondamente van ons gereformeerde geloof kan nadink.

Jy kan die prente alleen inkleur, maar dit is veral lekker as oud en jonk saam inkleur en saam oor ons geloof nadink.

*'n Familie, vriendekring, gemeente, jeuggroepe of omgeegroepe kan saam die vyf plakkate inkleur en nuwe insigte oor hulle geloof van mekaar ontvang.*

Geniet dit om saam in te kleur en saam te glo.

# Net ... *Sola* ...

*Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God – Efesiërs 2:8.*

Die Reformasie is soos 'n vyfhoekige tafel wat op vyf pote rus. Hierdie vyf pote is die pilare wat die hele tafel stewig en regop hou. Alles rus op die krag van hierdie vyf pote.

As gereformeerde gelowiges sê ons ons is net uit genade verlos. Ons kan niks doen om God se liefde te verdien nie. Ons hoef ook nie spesifieke reëls na te kom of bepaalde rituele uit te voer nie. God gee sy versoening aan ons uit genade alleen.

Ons ontvang dan hierdie genade net deur geloof. Selfs hierdie geloof is nie iets wat ons doen nie. Dit is leë hande waarmee ons voor God se liefde staan en dit ontvang.

Die enigste pad na hierdie versoening wat ons net uit genade en net deur geloof ontvang, is Christus. Hy het alles gedoen wat nodig is om ons met God te versoen. Niks anders is nodig nie. Dit is volbring.

Hoe weet ons dit? Die Bybel sê so! Ons heg groot waarde aan die Bybel, want daarin leer ons God deur Christus ken; ons leer van God se genade en ons leer ken die inhoud van ons geloof.

Gevolglik leef ons as gelowiges, vanuit hierdie genade, net tot eer van God.

Net genade. Net geloof. Net Christus. Net die Bybel. Net tot eer van God.

Hierdie boek bied 'n paar gedagtes oor elk van hierdie *Solas*. Oordink dit terwyl jy/julle die meegaande prente inkleur. By elke *Sola* is daar 'n aanhaling van een van die Hervormers, gevolg deur 'n Bybelgedeelte wat daardie spesifieke *Sola* verwoord. Lees gerus ook die stories oor sommige van die inspirerende leiers van die Hervorming. Gebruik die riglyne – vir volwassenes en vir kinders – om oor die spesifieke *Sola* na te dink. En as jy nog dieper wil dink, is daar verdere gedagtes wat jou kan lei.

*Soli Deo Gloria.*




# 1

# Net genade – *Sola Gratia*

*Die wet sê "doen dit" en dit word nooit gedoen nie. Genade sê "glo hierin" en alles is reeds gedoen – Martin Luther.*

## Uit die Bybel

Lees Efesiërs 1:3-10 en dink daaroor na.

Op hoeveel verskillende maniere beskryf hierdie gedeelte genade? Hoe verstaan jy hierdie "genade"?



## Inspirerende leiers van die Hervorming

**Martin Luther**

Wanneer jy die woord "Hervorming" hoor, is een van die eerste name waaraan jy dink dié van Martin Luther.

Martin Luther is in 1483 in Duitsland gebore. In 1507 (toe hy 24 was) het hy 'n priester geword en vir die eerste keer in sy lewe 'n Bybel gesien. Later het hy 'n professor by die Wittenberg Universiteit geword.

Terwyl Luther eendag die Bybel bestudeer het, het Romeine 1:17 hom diep getref. Hy het begin besef dinge in die kerk is nie reg nie.

Op 31 Oktober 1517 hamer hy toe sy 95 stellings – 'n opsomming van wat hy geglo het in die kerk verkeerd was – aan die kerk in Wittenberg se deur vas. Sy stellings het soos 'n veldbrand versprei. Die konflik tussen Luther en die Katolieke Kerk het so erg geraak dat hulle hom uit die kerk verban het. Hy kon nie meer 'n lidmaat van hierdie kerk wees nie.

Luther is later voëlvry verklaar. Sy vriende het hom "ontvoer" en hom na Wartburg geneem, waar hy geskuil en die Nuwe Testament in Duits vertaal het.

## Om oor na te dink – vir volwassenes

*Genade*. Dit is waarskynlik die één woord wat gereformeerdheid die beste beskryf. Ons kan op geen manier God se guns verdien nie. Genade is liefde sonder voorwaardes.

Die gedagte dat God se liefde gratis na ons toe kom, sonder enige fynskrif, druis teen ons menslike instink in. Alle godsdienste bied 'n manier om God se goedkeuring te verdien – net nie die Christelike geloof nie. Net Christene wáág dit om se God liefde onvoorwaardelik te ontvang. Daar is geen vangplek nie en niks wat ons kan diskwalifiseer om God se liefde te ontvang nie.

In die inkleurprent by *Net genade* is die nagmaal – die brood en die wyn, die simbole van genade. Die Heidelbergse Kategismus sê die sakramente (die nagmaal en die doop) is ...

*heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.*

Terwyl jy/julle inkleur, dink na oor hierdie genade. Dink oor wat dit God gekos het, soos die brood en die wyn ons aan Jesus se liggaam en bloed herinner. Dink aan wat dit jou kos – niks.

Hou op probeer. God se genade is genoeg.

## Om oor na te dink – vir kinders

*Genade* beteken jy kry nie jou verdiende loon nie. By Jesus kry boontjie nie sy loontjie nie.

Kan jy dink aan 'n keer toe jy dit verdien het om gestraf te word, maar toe nie gestraf is nie? Hoe het dit jou laat voel?

Dink aan 'n keer toe een van jou ouers baie kwaad was vir jou. Wat het jy gedoen? Al was hulle toe baie kwaad vir jou sal jou ouers altyd lief wees vir jou. Genade beteken God het jou selfs nog liewer. Al doen jy soms wat verkeerd is, bly God altyd lief vir jou.

## Dink dieper

- Waar en hoe probeer jy nog God se genade verdien? Hoe kan jy ophou probeer?
- Martin Luther het soms baie depressief geraak oor die probleme wat met die Hervorming saamgegaan het. Daar word vertel dat hy tydens een so 'n depressiewe tyd gesien het hoe sy vrou, Katharina, in swart klere rondloop. Hy vra haar toe: "Wie is dood?" En sy antwoord hom: "Jou God is dood, Martin." Geskok het hy gesê: "Dis godslasterlik! Hoe durf jy so praat?" Toe antwoord die wyse Katharina: "Maar, Martin, jy leef asof Hy dood is." Martin Luther het daar opgestaan en een van die bekendste kerkliedere geskryf: "'n Vaste burg is onse God".
- Lees die woorde van Lied 476:1-4, "'n Vaste burg is onse God". Hier is 'n kort uittreksel:

  *Gord ons met eie krag ons aan*
  *dan is die stryd verlore.*
  *Oorwinning is alreeds behaal*
  *deur Een daartoe verkore.*




# 2

# Net geloof – *Sola Fide*

*Geloof is 'n lewende, onwankelbare vertroue in die genade van God; 'n mens is daarvan so seker dat jy duisend keer daarvoor sal sterf – Martin Luther.*

## Uit die Bybel

Lees Galasiërs 2:16 en dink daaroor na.

Wat is die verskil tussen die vryspraak deur die wet en die vryspraak deur geloof? Hoe sou jy hierdie "geloof" beskryf?



## Inspirerende leiers van die Hervorming

**Johannes Calvyn**

Johannes Calvyn het in 'n stoere Katolieke huis grootgeword. Hy het onder meer in die regte studeer.

In die inleiding tot sy kommentaar op die Psalms, skryf hy dat God hom deur 'n skielike bekering getem en sy gedagtes leerbaar gemaak het. Calvyn het onmiddellik passievol meer oor die gereformeerde geloof begin leer. Sommer gou het mense by hom aangeklop om by hom te leer.

Weens sy kontak met gereformeerde denkers moes hy egter vlug. Op pad Duitsland toe het Calvyn een nag in Genève oorgebly. 'n Gereformeerde het hom genooi om die nag daar te bly en hom omgepraat om nie te vlug nie.

Calvyn het 'n skrywer, prediker en een van die Hervorming se voorste denkers geword. Hy is bekend vir sy *Institusies van die Christelike geloof*, maar het ook kommentare op elke Bybelboek (behalwe Openbaring) geskryf. In sy leeftyd is daar 2 000 nuwe gereformeerde gemeentes in Frankryk gestig en sendelinge is in die wêreld uitgestuur. Sy invloed strek vandag nog wêreldwyd.

Aan die einde van sy lewe het Calvyn daarop aangedring dat hy in 'n onbelangrike begraafplaas begrawe moes word, in 'n graf sonder 'n grafsteen. Vandag weet ons nie eens waar hy begrawe is nie. Calvyn het dit egter so verkies omdat hy God wou verheerlik en nie self die eer van mense wou ontvang nie.

## Om oor na te dink – vir volwassenes

Ons hoef nie God se liefde te verdien nie. Ons ontvang dit uit genade. Deur geloof. Geloof is die manier waarop ons soos kinders tot in God se oop arms spring en dáár rus. Geloof is die oop bedelhande waarmee ons God se liefdevolle genade ontvang.

Die Heidelbergse Kategismus sê geloof is 'n vasstaande kennis én 'n vaste vertroue …

> *wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.*

In die inkleurprent by ***Net geloof*** is die brandende hart 'n simbool van geloof. Terwyl jy/julle dit inkleur, dink na oor wat hierdie simbool vir jou/julle oor geloof sê.

Die brandende hart is 'n simbool van brandende liefde. Dit was ook deel van Johannes Calvyn se persoonlike seël. Calvyn se embleem was 'n brandende hart wat in 'n handpalm vasgehou word met hierdie leuse daarby: *Cor meum tibi offero, Domine, prompte et sincere*. "My hart offer ek vir u, Here, sonder huiwering en opreg."

Ontvang rus. Rus deur geloof in God se genadige liefde.

## Om oor na te dink – vir kinders

*Geloof* beteken jy aanvaar dat iets wat jy nie kan sien nie die waarheid is. Jy kan nie liefde sien nie, maar jy glo dat jou ouers en jou maats lief is vir jou.

Geloof is ook om te vertrou. Sê nou jy staan op 'n muurtjie en jou pa sê vir jou: "Spring! Ek sal jou vang." Jy sal spring, want jy vertrou dat jou pa jou regtig sal vang. Geloof in God is om te vertrou dat God jou liefhet en dat jy God se kind is.

Probeer in jou eie woorde sê wat jy glo.

## Dink dieper

- Geloof is 'n kop-saak én hart-saak, 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue. Dink na oor jou geloof.
- Wat is die vasstaande kennis waarin jy glo? Hoe sou jy die inhoud van jou geloof verwoord?
- Hoe funksioneer die vaste vertroue, die hart van jou geloof, in jou lewe?
- Soos Romeine 1:17 'n belangrike rol in Luther se lewe gespeel het, was Matteus 6:10 vir Calvyn sy "kernteks": "Laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel." Daarom kon Calvyn byvoorbeeld sê ons geloof baat ons niks as dit nie ook ons hart en gedrag verander nie. Watter invloed het jou geloof op jou gedrag? Wat is vir jou die wisselwerking tussen geloof en dade?




3

# Net Christus – *Solus Christus*

*In Christus skitter God se gesig vol genade en sagmoedigheid – ook teenoor ellendige en onwaardige sondaars – Johannes Calvyn.*

## Uit die Bybel

Lees Romeine 8:1-3 en dink daaroor na.

Wat beteken dit vir jou om "in Christus" te wees?



## Inspirerende leiers van die Hervorming

### Katharina von Bora

Katharina von Bora was 5 jaar oud toe haar pa haar by 'n klooster afgelaai het. Op 15 het sy 'n non geword.

Agt jaar later is sy en agt ander nonne uit die klooster gesmokkel. Katharina het toe by die Hervorming aangesluit en 'n paar maande later met Martin Luther getrou. Dit was 'n belangrike en dapper stap. Dit was ongewoon dat 'n predikant en 'n non sou trou.

Katharina was 'n belangrike figuur tydens die Hervorming en word as die moeder van die Hervorming beskou. Danksy haar het die kerk en samelewing begin om vroue as gelykwaardig aan mans te sien. Katharina het geboer en handel gedryf. Sy het ook 'n gastehuis en konferensiesentrum bestuur.

Ná Luther se dood was sy die eerste vroulike erfgenaam. Die staat het egter Luther se testament as ongeldig beskou en sy het alles verloor.

In 1552 moes sy en haar kinders weens 'n uitbraak van die pes vlug. Een van die belangrike Hervorming-museums is in Torgau ter ere van Katharina von Bora opgerig.

## Om oor na te dink – vir volwassenes

Die eerste vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus is sekerlik ook die bekendste:

*Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?*

*Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.*

Hierdie woorde het liedere soos Lied 292 geïnspireer:

*My enigste troos in lewe en dood*
*is dat ek aan Jesus Christus behoort*
*Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop –*
*dis my anker, my vaste hoop.*

Jesus Christus is die middelpunt van ons geloof. Daar is geen ander pad na die Vader toe behalwe deur Jesus nie. Deur Hom ken ons vir God. Deur Hom het ons lewe. Ons het nie nog 'n middelaar nodig nie – Jesus is genoeg. Ons hoef nie nog iets te doen om met God versoen te word nie – Jesus is genoeg.

Die lam in die inkleurprent by ***Net Christus*** word ook die *Agnus Dei*-kruis genoem. Johannes verwys na Jesus as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh 1:29). 1 Korintiërs 5:7 verwys na Jesus as die paaslam. Net soos die paaslam voor die uittog uit Egipte geslag is, is Jesus die Lam wat deur sy bloed vir ons bevryding gebring het. Ook Openbaring noem Jesus die Lam.

In die *Agnus Dei* staan die Lam regop met 'n banier. Op die banier is daar 'n kruis. Hierdie kruis is simbolies van Jesus se opstanding en oorwinning oor die dood. Terwyl jy/julle hierdie prent inkleur, dink na oor jou/julle geloof in die Lam. Dink na oor wat Hy vir jou/julle gedoen het en oor die betekenis van sy dood en opstanding.

Net Jesus. Meer as genoeg.

## Om oor na te dink – vir kinders

Jesus wys vir ons wie en hoe God is. Jesus wys vir ons God het na ons toe gekom. Jesus wys vir ons God is lief vir ons. Jesus wys vir ons dat God ons sy kinders maak.

Jesus maak jou God se kind. Jy is God se kind omdat Jesus vir jou aan die kruis gesterf het. Niks of niemand anders kan maak dat jy God se kind is nie – nie jy self nie, nie die dominee nie, nie jou onderwysers of jou ouers nie. Net Jesus.

Dink aan al die stories oor Jesus wat jy ken. Wat leer jy daaruit oor wie en hoe God is?

## Dink dieper

- Dink na oor Jesus. Wie is Hy vir jou? Hoe is Hy? Hoe leer jy God deur Jesus ken?
- Katharina von Bora se laaste lewensjare was baie moeilik. Haar erfporsie is gekonfiskeer en haar huis is afgebrand. Sy het 'n inkomste verdien deur vir studente losies aan te bied, totdat Wittenberg se studente weens 'n uitbraak van die pes gevlug het. Sy self het ook gevlug, maar is ernstig beseer toe haar perde geskrik en sy van die perdekar af moes spring. Drie maande later is sy dood. Haar laaste woorde was: "Ek sal aan my Here Jesus Christus vasklou soos 'n duwweltjie aan 'n jas." Wat beteken dit vir jou om aan Christus vas te klou?




4

# Net die Bybel – *Sola Scriptura*

*Net soos ons oë, wanneer hulle deur die ouderdom verdof of deur die een of ander gebrek verswak is, niks meer duidelik kan sien behalwe met die hulp van 'n bril nie, so staan ons weens ons swakheid onmiddellik verdwaas as die Skrif ons nie in ons soeke na God lei nie – Johannes Calvyn.*

## Uit die Bybel

Lees Matteus 4:1-11 en dink daaroor na.

Hoeveel keer verwys Jesus na die Skrif? Hoe het Jesus die Skrif gebruik?



## Inspirerende leiers van die Hervorming

**Jeanne d'Albret**

Jeanne d'Albret, ook Jeanne van Navarre genoem, was 'n Franse adellike. Op 12 het haar pa haar gedwing om te trou, en sy is skoppend en skreeuend die kerk in gedra. 'n Paar jaar later is die huwelik ontbind.

Uiteindelik het Jeanne getrou met die groot liefde van haar lewe, Antoine de Bourbon. Saam het hulle oor Navarre regeer.

In daardie tyd is die Franse Protestante – beter bekend as die Hugenote – gewelddadig vervolg. Baie Protestante, soos Calvyn, het na Switserland gevlug, terwyl ander die Here in die geheim aanbid het.

Op Kersdag van 1560 het Jeanne d'Albret haarself in die openbaar aan die Protestantse geloof verbind. Sy het Protestantse leraars na Frankryk gebring, die vlugtelinge in Genève finansieel ondersteun en heelwat geskrifte ter verdediging van die Protestantse geloof geskryf. Sy het ook haar ryk se ekonomiese en regstelsel aangepas. Die *sola Scriptura* van die Hervorming was vir haar so belangrik dat sy gesê het sy volg die gereformeerde leiers net in dié mate dat hulle die Skrif volg. Sy het ook die Bybel laat vertaal sodat mense dit self kon lees.

Mettertyd het die verskille tussen die Katolieke en Protestante tot oorlog gelei. Jeanne d'Albret se man het gekies om die Katolieke te ondersteun. Sy het egter by haar geloof bly staan en moes uiteindelik vlug. Haar geliefde Antoine is noodlottig beseer. Ten spyte van haar hartsbegeerte kon Jeanne, weens die oorlog, nie by hom wees toe hy gesterf het nie.

Sy het later alleen oor haar ryk regeer. Haar seun, Henry IV, het koning van Frankryk geword.

## Om oor na te dink – vir volwassenes

Hoe weet ons dat ons uit genade, deur geloof, in Christus aan God deel het? Ons lees dit in die Bybel!

Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê ons ken God

> *deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, maar ook maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.*

Daar is 'n pragtige storie wat oor die bekende 20ste-eeuse teoloog Karl Barth vertel word.

Op 'n dag het iemand vir Barth gevra of hy sy hele teologie in een sin kon saamvat. Hy het geantwoord dat hy dit kan doen in die woorde van 'n liedjie wat sy ma hom nog geleer het: "Jesus loves me, this I know, for the Bible tells me so."

Die ou Hallelujalied 427 het ons dit in Afrikaans laat sing:

> *Jesus min my salig lot, dit leer my die Woord van God;*
> *al is ek ook swak en blind, nogtans noem Hy my sy ki*nd.

Dit is die gereformeerde geloof saamgevat in 'n eenvoudige kinderlied.

Dit is waarom die Hervormers soveel moeite gedoen het om die Bybel te vertaal – sodat elke mens die Bybel in hulle eie taal kan lees. Só leer ons God ken, só leer ons God se plan ken, en só leer ons ons plek in God se plan ken.

Kyk na die inkleurprent by ***Net die Bybel***. Dit lyk asof die blaaie van die boek leef. Of dalk lyk dit soos 'n boek wat gereeld gelees word. Dink na oor die Bybel in jou lewe. Waar en hoe het jy al beleef dat die Bybel die lewende Woord van God is?

## Om oor na te dink – vir kinders

Die woorde van Vonkk Lied 137 sê:

> *Soos 'n flits in die donker is die Bybel vir my;*
> *dis 'n lig wat my wys hoe ek naby God kan bly.*
> *Ek is lief vir U, Heer, ek wil hoor wat U sê,*
> *want u woorde leer vir my om te doen wat U wil hê.*

Hierdie liedjie is geskryf op grond van Psalm 119:97 en 105. Dit is uit die Bybel dat ons weet Jesus het ons lief en ons kan dit maar net glo.

Sing die liedjie "Jesus loves me, this I know".

Wat is jou gunsteling-Bybelstorie?

## Dink dieper

Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê:

> *Ons aanvaar al hierdie boeke [van die Bybel] en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig.*

- Hoe bevestig die Bybel jou geloof?
- Beleef jy soms dat die Bybel jou geloof ook uitdaag en jou tot ander insigte bring as wat jy gehad het?
- Hoe bly jy gehoorsaam aan God se wil soos ons dit in die Bybel vind, terwyl jy steeds vashou aan nét genade, nét geloof, nét Christus?




5

# Net aan God die eer – *Soli Deo Gloria*

*Die ware skat van die kerk is die heiligste evangelie van die heerlikheid en genade van God – Martin Luther.*

## Uit die Bybel

Lees 1 Korintiërs 10:31 en Romeine 11:33-36 en dink daaroor na.

Hoe kan jy alles tot eer van God alleen doen?



### Inspirerende leiers van die Hervorming

**Katharina Schütz Zell**

Katharina Schütz Zell sê oor haarself dat sy van haar kinderdae af 'n student en 'n moeder van die kerk was. Sy het graag na geleerdes geluister en by hulle geleer.

Schütz Zell was een van die mees uitgesproke vroue van die Hervorming. Sy het met leiers soos Luther, Zwingli, Bullinger en ander gekorrespondeer. In 'n tyd toe die gereformeerde teologie in die proses was om vasglê te word, was sy en haar man bekend vir hulle verdraagsaamheid. Terwyl daar dikwels skerp verskille tussen Reformatore was, wat gewoonlik tot skeiding gelei het, het die Zells geglo enigiemand wat Christus as die ware Seun van God en die enigste Redder van die mensdom erken, is by hulle welkom.

Schütz Zell het wyd geskryf en gepubliseer. Haar bydraes is hoog geag deur ander leiers van die Hervorming – soms hoër as dié van geleerdes. Sy was ook bekend vir haar barmhartigheid. Sy het veral die vroue van die manlike Hervormers ondersteun, maar ook weduwees, wese, armes, siekes en behoeftiges versorg. Sy was 'n sterk advokaat vir mense wat onreg beleef het en 'n stem vir mense wat nie 'n stem in die samelewing gehad het nie.

## Om oor na te dink – vir volwassenes

Hoekom het mense soos Luther dikwels te midde van ernstige teenstand vir geloof in die genadige God opgestaan? Hoekom vier ons die Hervorming? Hoekom doen ons enigiets? Om God te eer! Alle eer kom God toe. Alles kom van God af. Alles gaan oor God.

Ons leef nie gehoorsaam aan God sodat ons God se liefde en versoening kan verdien nie. Ons leef gehoorsaam aan God om God te verheerlik.

Die Heidelbergse Kategismus vra waarom ons dan nog goeie werke moet doen

> *terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?*

Die antwoord sê onder meer:

> *Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word.*

Terwyl jy/julle die prent van die son by ***Net aan God die eer*** inkleur, sing 'n paar van jou/julle gunsteling-liedere wat God se heerlikheid besing. Psalm 113:1-4 doen dit só:

> *Prys die Here!*
> *Prys, dienaars van die Here,*
> *prys die Naam van die Here!*
> *Die Naam van die Here*
> *moet geloof word,*
> *nou en vir altyd.*
> *Van waar die son opkom*
> *tot waar dit ondergaan,*
> *moet die Naam van die Here*
> *geprys word!*
> *Hoog bo al die nasies heers die Here,*
> sy mag strek selfs oor die hemele.

## Om oor na te dink – vir kinders

Om iemand te "eer" beteken ons erken dat hulle groot of belangrik of wys is, dat hulle ons respek verdien. God is groter en belangriker en wyser as enigiemand anders. Daarom "eer" ons God.

Op watter maniere kan ons vir God eer?

Wat is jou gunsteling-lied wat vertel hoe groot en goed God is?

## Dink dieper

- Hoe kan jy God in jou alledaagse lewe eer? In alles wat jy doen, sê en dink? Probeer prakties dink.
- Waar en hoe vereer jou optrede nié vir God nie?

# Geraadpleegde bronne


Hannula, RM 2015. *Radiant: Fifty remarkable women in church history*. Eerste uitgawe. Idaho: Canon Press.

Heidelbergse Kategismus, Sondag 1, Vraag en antwoord 1; Sondag 7, Vraag en antwoord 21; Sondag 25, Vraag en antwoord 66; Sondag 32, Vraag en antwoord 86.

Langella, Christina 2017. *Women of the Reformation: Katharina Schütz Zell*. Aanlyn beskikbaar by http://christinalangella.com/womenofthereformation/women-of-the-reformation-katharina-schutz-zell-by-christina-langella/ (toegang verkry op 30 Junie 2017).

Nederlandse Geloofsbelydenis, *Artikel 2 en 5.*

NG Kerk Witrivier 2017. *Vreugdevol Vry!* Aanlyn beskikbaar by http://selgroepe.co.za/ (toegang verkry op 30 Junie 2017).

Reformasie500 2017. *Refo500*. Aanlyn beskikbaar by http://refo500.christians.co.za/ (toegang verkry op 30 Junie 2017).

# Saamkleurpret

Gedagtes en inkleurprente
oor wat ons glo

DIE
VYF
SOLAS

## Met vyf saamkleur-plakkate

Hierdie boek gaan oor die vyf *Solas* van die Reformasie. Die gedagtes en vrae vir saamgesels saam met die inkleurplakkate wil jou op 'n reis neem waartydens jy oor die fondamente van ons gereformeerde geloof kan nadink.

Gebruik die boek saam met die 5 plakkate. Die plakkate kan elektronies afgelaai en plaaslik in A1- of A0-grootte uitgedruk word.

Jy kan die prente alleen inkleur, maar dit is veral lekker as oud en jonk saam inkleur en saam nadink oor ons geloof.

'n Familie, vriendekring, gemeente, jeuggroep of omgeegroep kan saam die vyf plakkate inkleur en nuwe insigte oor hulle geloof van mekaar ontvang.

Geniet dit om saam in te kleur en saam te glo.

*Met die 500ste herdenking van die Hervorming*

ISBN 978-0-86487-881-6
9 780864 878816

Bybel-Media
Bybelkor

www.bybelmedia.org.za